

# ***tippet 100***

**Ek slaan my linkerduim in die bakkie se deur vas. D\*\*\*\*t! Dis bloed en seer en kwaad deurmekaar.**

**Later – toe dit beter gaan – dink ek aan "as een lid ly, ly al die lede saam." Dis waar. 'n Seer duim pla sommer my hele lyf.**

**Nou wonder ek hoekom is ons dikwels nie eens bewus van ander se swaarkry nie? Is ons nie sensitief genoeg nie? Is ons dalk te besig met ons eie dinge?**

**Dit bly een van die mooi prentjies van Jesus as Hy langs die pad by 'n blinde man, 'n verstote vrou of die kindertjies stilstaan...**

**Francois Retief**

**4 Junie 2018**